

WIE WAS DIE VROEGSTE PIONIERS IN SEKERE STREKE?

Adelbert Scholtz

Leraar van die Ned. Geref. Gemeente
Fraserburg sedert 1974

Vir die streekhistorikus is dit steeds 'n belangrike vraag om uit te maak wanneer die eerste Blankes 'n bepaalde streek ingetrek het. As dit bepaal is, kan die aanvangsdatum van die geskiedenis van so 'n streek meteen ook gegee word. Alles wat voor dié tydstip gebeur het, is dan gewoonlik pre-histories, want daarvoor is daar geen geskrewe bronne nie. Daar is bepaalde probleme verbonde aan die vasstelling van sulke datums soos blyk aan die hand van voorbeelde ontleen aan die geskiedenis van die Noordweste.

Aangaande die bewegings van die trekboere van die agtiende eeu is ons gelukkig taamlik goed ingelig. In dié tyd het die meeste boere op plase gebly wat teen vasgestelde jaarlikse "recognitiegeld" deur die owerheid aan hulle toegeken is. Van elke toekenning is noukeurig boekgehou en daaruit kan afgelei word wie waar gewoon het.

Aldus kan ook vasgestel word wie die eerste bewoners van sekere gebiede was en ongeveer wanneer hulle hul daar gaan vestig het. Dis egter soms moeilik om die plase wat in die ou registers aangeteken is, akkuraat te identifiseer. Merkwaardig baie plekke het wel hul ou name behou en as daar 'n goeie beskrywing gegee is van die lokaliteit van so 'n plaas, kan dit maklik op 'n kaart gevind word. As daar byvoorbeeld in 1746 van *Vogel fontein* aangeteken word dat dit "over de doorn rivier in 't rogge veld" is, dan weet ons waar om te gaan soek.

Al die gevalle is egter nie so maklik nie, aangesien sommige name intussen verdwyn of verskeie plase dieselfde naam gehad het. Hierdie probleme kan te bowe gekom word deur die gegewens in die register van leningsplase te vergelyk met die verslae wat die veldwagmeesters destyds periodiek aan die landdroste moes stuur. Dié verslae gee heelwat inligting oor die woonplekke van die burgers.

Ongelukkig het sekere skrywers nie ontkom aan die gevare wat hierdie probleme bied nie en moontlik ook nie aan die begeerte om 'n bepaalde streek se geskiedenis ouer te maak as wat dit werklik is nie. In die eeufes-gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Fraserburg kry 'n mens op pp.134-7 'n paar voorbeelde hiervan.¹ Daarvolgens sou die plaas *Driefontein* die oudste bewoonde plek in die distrik Fraserburg wees, aangesien dit in 1741 aan Dirk Marks uitgegee is. In Fraserburg is daar wel 'n *Driefontein*, maar dis nie dié *Driefontein* nie. Volgens die oorspronklike dokumente is hierdie plaas eintlik geleë in die Overberg! Dieselfde werk meld ook dat die plaas "de Goede Hoop in 't Nieuwe Veldt" in 1756 aan Erasmus Smit gegee sou gewees het. In die oorspronklike stukke word hierdie plaas egter beskrywe as synde "aan 't booven Eynde van de Vis Rivier op 't Roggeveld." Dit was dus anderkant die huidige Sutherland! Nog 'n paar dergelyke foute kom in hierdie werk voor.

'n Soortgelyke vergissing word deur dr. M.C. Kitschhoff in sy geskiedenis van die Ned. Geref. Gemeente Carnarvon² gemaak. Die dorp Carnarvon is aangelê op

die plaas *Schietfontein* en Kitschhoff beweer op p.22 dat dit in 1758 aan Pieter Hugo toegeken is. Die oorspronklike inskrywing — soos aangehaal deur dié skrywer — vermeld egter uitdruklik dat dié plaas "aan't Groot Roggeveld" geleë was. Daar is dan ook inderdaad 'n *Schietfontein* ongeveer 35 km suid van Sutherland op die rand van die Komsberg! Hierdie mistasting word deur dr. J.J. Marais in 'n artikel in *Contree* herhaal.³

Afgesien daarvan dat hierdie bewerings op gebrekkige navorsing berus, pas dit ook hoegenaamd nie in by die bekende geskiedenis nie. Dit is onmoontlik dat Dirk Marks al in 1741 in die Nuweveld kon geboer het; die voorste trekboere van die Koue Bokkeveld, noord van Ceres, het eers omstreeks 1746 in die Roggeveld aangekom en daarvandaan langsaam ooswaarts beweeg sodat die Nuweveld eers aan die einde van die jare vyftig bereik is. Pieter Hugo kon ook nie in 1758 in die omgewing van die huidige Carnarvon gewoon het nie, want die eerste Blankes het eers aan die begin van die negentiende eeu daar ingetrek.

Op grond van die beskikbare gegewens kan gesê word dat die vroegste kolonisasie van die Noordweste op dié wyse verloop het: Die eerste pionier in die Roggeveld was waarskynlik Geele Andries van der Walt wat in 1746 *Uijkijk* as leningsplaas verkry het. Dit is moeilik om vandag vas te stel wie die eerste Namakwalander was, maar hy moes waarskynlik omstreeks 1748 oor die Olifantsrivier getrek het. Die Hantam se eerste inwoner was skynbaar Jan Otto Diederik wat aan die einde van 1750 na *Akkerendam* getrek het. Hierdie plaas is enkele kilometer van Calvinia af. Die eer kom seker Pieter Ernst Kruger toe dat hy die man was wat hom die eerste langs die Rietrivier op die grens van die Nuweveld op *Nooitgedacht* gaan vestig het (1759). Willem Steenkamp het drie jaar later op *Matjeskuil* gaan bly. Die Steenkampsberg, een van die hoogste punte in die Nuweveldsberge, is na hom vernoem. ■

D.A. KOTZÉ, *Die gemeente Fraserburg: 'n eeufes-gedenkboek 1851-1951* (Stellenbosch, s.j.).

2. M.C. KITSHOFF, *Kudde van Carnarvon: Nederduitse gereformeerde kerk 1874-1974* (Carnarvon, 1974).

3. J.J. MARAIS, Carnarvon: oorsig van die dorp en distrik, *Contree* 1, Januarie 1977, p.16.